

Nabetragting van Boodskap Sondag 11 Oktober 2020

Skopus: Hy wat die sleutel van Dawid het, wat die deur oopsluit en niemand sal dit weer toesluit nie, en dit toesluit en niemand sluit dit weer oop nie: Ek weet alles wat julle doen. Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie.

Maandag: Soos die gemeente in Efese verneem het, is onvermoeide arbeid, om 'skoon' te lewe, om kwaadstokers nie toe te laat nie, om valse leraars die pad te wys, om te volhard in oortuigings en aanslae te verduur in die naam van Christus nie genoeg om volkome te lewe nie. Die fokus om God lief te hê, is onmisbaar en die spil waarom geloof en oortuigings draai. Sonder die liefde vir God word alle lig mettertyd verduister.

Dinsdag: Swaar tye word deur almal, individue en groepe en selfs geloofsgemeenskappe beleef, soos die gemeente in Smirna uit eie ervaring geweet het. Sulke tye neig om soms geloof in God se goedheid te versmoor. In sulke tye van moedverloor en geloof verflouing word vele deure oopgemaak om booshede toe te laat. Dit is beter om onder die koepel te lewe van 'n goeie God wat in alle omstandighede wesenlik deel van jou lewe is. – So 'n oortuiging en lewenswyse sal die volle lewe as 'n kroon gegee word.

Woensdag: Die gemeente in Pergamum het midde-in 'n omgewing gefunksioneer waar booshede die norm was. Die aanslae teen hulle was tasbaar, maar ook sielkundig en spiritueel. Dit is juis in sulke uitdagende omstandighede waar ons moet vasklou aan die leiding en wysheid en raad en hulp van God. Om op eie kragte staat te maak, is 'n resep om jou geloof te verloor.

Donderdag: Vir die gemeente in Tiatira word weer bevestig dat 'n 'n vrot kolletjie die hele appel sal verrot. Die gemeente was bekend vir hulle liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding en selfs dat hulle al beter geword het. Desnieteenstaande het hulle in humanisme seker vorme van vleeslike en spirituele onsedelikheid toegelaat en dit sal hulle, indien nie daarvan afstand gedoen word nie, uiteindelik vernietig.

Vrydag: Sardis was 'n gemeente wat afgerond was in sy tradisies en rituele. Byeenkomste is gehou, daar is gebed, hulle het die regte dade gedoen e.d.m. Die aanklag teen hulle was dat al lyk dit of hulle bedrywig is, is hulle doen en late nie veel werd nie – al lyk hulle dat hulle lewe, is hulle eintlik dood vir die koninkryk van God. Hulle moes insien dat geloof 'n fontein is wat van binne na buite oorspoel.